



STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2281

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE
 OORSEE 30c OVERSEAS
 POSVRY — POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 2281

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 129]

PRETORIA, 5 MAART 1976
 5 MARCH

No. 4996

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. R. 343 5 Maart 1976
 SOMCUBA-NKOSI-STAM, DISTRIK BARBERTON.—
 INSTELLING VAN 'N BANTOESTAMOWERHEID

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), die grense van die gebied van die Somcuba-Nkosi-stam te bepaal ooreenkomstig bygaande Bylae; en

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), ten opsigte van genoemde stam en ten opsigte van die gebied van genoemde stam, soos omskryf in genoemde Bylae 'n Bantoestamowerheid in te stel wat bekend staan as die Bhevula-stamowerheid.

BYLAE

Die plaas Soodorst 2 (in Area 1), in die distrik Barberton.

(Lêer F53/1038/15)

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 341 5 Maart 1976
 DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/459)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. R. 343 5 March 1976
 SOMCUBA-NKOSI TRIBE, BARBERTON DISTRICT.—
 ESTABLISHMENT OF A BANTU TRIBAL AUTHORITY

The State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (a) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Somcuba-Nkosi Tribe in accordance with the accompanying Schedule; and

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to establish a Bantu tribal authority, known as the Bhevula Tribal Authority, in respect of the said Tribe and in respect of the area of the said Tribe as defined in the said Schedule.

SCHEDULE

The farm Soodorst 2 (in Area 1) in the District of Barberton.

(File F53/1038/15)

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 341 5 March 1976
 CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/459)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
316.13	Deur tariefpos No. 85.08 deur die volgende te vervang: „85.08 Elektriese aansit- en ontstekingstoerusting (uitgesonderd aansitmotore met 'n vermoë van hoogstens 2 kW, vonkproppe, 12-V ontwikkelers wat 'n maksimum van 30 A ontwikkel, alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk en spanningsreëlaars)	Volle reg"

Opmerking.—Alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk word nou van item 316.13 uitgesluit.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
316.13	By the substitution for tariff heading No. 85.08 of the following: "85.08 Electrical starting and ignition equipment (excluding starter motors with a rating not exceeding 2 kW, sparking plugs, 12-V generators which develop a maximum of 30 A, alternators of a mass not exceeding 6 kg each and voltage regulators)	Full duty"

Note.—Alternators of a mass not exceeding 6 kg each are now excluded from item 316.13.

No. R. 340

5 Maart 1976

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (NO. 1/1/392)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

No. R. 340

5 March 1976

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (NO. 1/1/392)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
87.02 Deur in subpos No. 87.02.15.10 die uitdrukking: „Alternators, 12 V teen 30, 35, 40, en 55 A en 24 V teen 35 A (85.08)	getal	20%”		
deur die volgende te vervang: „Alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk (85.08)	getal	20%”		
Deur in subpos No. 87.02.22.10 na die uitdrukking: „Vonkproppe (85.08)	getal	250c per 100”		
die volgende in te voeg: „Alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk (85.08)	getal	20%”		
Deur in subpos No. 87.02.24.10 na die uitdrukking: „Vonkproppe (85.08)	getal	250c per 100”		
die volgende in te voeg: „Alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk (85.08)	getal	20%”		
Deur in subpos No. 87.02.60.10 na die uitdrukking: „Spanningsreëlaars (gs.) (85.08), vir toepaneelwaens en eenheidsgeboude bakkies, met 'n dra-vermoë van hoogstens 1 270 kg	getal	20%”		
die volgende in te voeg: „Alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk (85.08)	getal	20%”		
Deur in subpos No. 87.02.67.10 na die uitdrukking: „Elektriese akkumulators, 6 of 12 V (85.04)	getal	75c elk		50c elk (V.K.; Kanada)”
die volgende in te voeg: „Alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk (85.08)	getal	20%”		
87.04 Deur in subpos No. 87.04.25.10 na die uitdrukking: „Spanningsreëlaars (gs.) (85.08), vir toepaneelwaens en eenheidsgeboude bakkies, met 'n dra-vermoë van hoogstens 1 270 kg	getal	20%”		
die volgende in te voeg: „Alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk (85.08)	getal	20%”		
Deur in subpos No. 87.04.40.10 na die uitdrukking: „Veiligheidsglas (70.08)	kg	20%”		
die volgende in te voeg: „Alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk (85.08)	getal	20%”		

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat alternators met 'n massa van hoogstens 6 kg elk ingevoer as oorspronklike toerusting vir sekere ongemonteerde motorvoertuie en onderstelle vir sodanige voertuie, teen 20% belasbaar is.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferentia.
87.02 By the substitution in subheading No. 87.02.15.10 for the expression: "Alternators, 12 V at 30, 35, 40 and 55 A and 24 V at 35 A (85.08) of the following: "Alternators of a mass not exceeding 6 kg each (85.08) By the insertion in subheading No. 87.02.22.10 after the expression: "Sparking plugs (85.08) of the following: "Alternators of a mass not exceeding 6 kg each (85.08) By the insertion in subheading No. 87.02.24.10 after the expression: "Sparking plugs (85.08) of the following: "Alternators of a mass not exceeding 6 kg each (85.08) By the insertion in subheading No. 87.02.60.10 after the expression: "Voltage regulators (d.c.) (85.08), for closed panel vans and mono-built pick-up trucks, of a carrying capacity not exceeding 1 270 kg of the following: "Alternators of a mass not exceeding 6 kg each (85.08) By the insertion in subheading No. 87.02.67.10 after the expression: "Electric accumulators, 6 or 12 V (85.04) of the following: "Alternators of a mass not exceeding 6 kg each (85.08)	no.	20%"		
	no.	20%"		
	no.	250c per 100"		
	no.	20%"		
	no.	250c per 100"		
	no.	20%"		
	no.	20%"		
	no.	75c each		50c each (U.K.; Canada)"
	no.	20%"		
87.04 By the insertion in subheading No. 87.04.25.10 after the expression: "Voltage regulators (d.c.) (85.08), for closed panel vans and mono-built pick-up trucks, of a carrying capacity not exceeding 1 270 kg of the following: "Alternators of a mass not exceeding 6 kg each (85.08) By the insertion in subheading No. 87.04.40.10 after the expression: "Safety glass (70.08) of the following: "Alternators of a mass not exceeding 6 kg each (85.08)	no.	20%"		
	no.	20%"		
	no.	20%"		
	kg	20%"		
	no.	20%"		

Note.—The effect of this notice is that alternators with a mass of not exceeding 6 kg each imported as original equipment for certain unassembled motor vehicles and chassis for such vehicles, are dutiable at 20%.

No. R. 342

5 Maart 1976

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN REËLS (NO. DAR/17)

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die reëls gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1771 van 5 Oktober 1973 gewysig deur—

(a) die vervanging van reël 3.05 (a) deur die volgende:

"(a) ongewenste publikasies, voorwerpe of rolprente soos omskryf in die Wet op Publikasies, 1974 (Wet 42 van 1974);"

(b) die vervanging in paragraaf 7 van die Bylae onder die opskrif "Mosselbaai" van die bestaande subparagrafe deur die volgende:

"Algemeen:

1. Hoofhek oor pad na Hawehoof 1.

No. R. 342

5 March 1976

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF RULES (NO. DAR/17)

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the rules published in Government Notice R. 1771 of 5 October 1973, are amended by—

(a) the substitution for rule 3.05 (a) of the following:

"(a) undesirable publications, objects or film as defined in the Publications Act, 1974 (Act 42 of 1974);"

(b) the substitution in paragraph 7 of the Schedule under the heading "Mossel Bay" for the existing subparagraphs of the following:

"General:

1. Main Gate across road to Pier 1.

2. Hoofhek oor pad na Kaai 4.

Spesiaal:

1. Weshek oor spoorlyn tussen Spoorwegstasie en Hawehoof 1—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

2. Ooshek oor spoorlyn na hawehoof 1—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

3. Weshek oor spoorlyn na Kaai 4—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

4. Ooshek oor spoorlyn na Kaai 4—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.”; en

(c) die vervanging in paragraaf 7 van die Bylae onder die opskrif “Walvisbaai” “Spesiaal” van die bestaande subparagrafe deur die volgende:

“Spesiaal:

1. Hek ‘D’ by hoofhek—slegs vir motorvoertuie met abnormale vragte—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

2. Hek ‘E’ by hawe en goederewerf—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

3. Hek na Tenkskipaanlêplek—slegs vir voetgangers—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.”.

D. ODENDAL, Sekretaris van Doeane en Aksyns.

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat—

(i) die verwysing na die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963) vervang word deur die Wet op Publikasies, 1974 (Wet 42 van 1974); en

(ii) die ingange na en die uitgange van die Mosselbaai en die Walvisbaai hawe gewysig en uitgebrei word.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 355

5 Maart 1976

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident, kragtens artikel 9 van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet 9 van 1933), die Deviesebeheerregulasies, 1961, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R. 1111 van 1 Desember 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 872 van 3 Junie 1966, R. 1647 van 21 Oktober 1966 en R. 650 van 19 April 1968, gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

Regulasie 6 van genoemde regulasies word hierby gewysig—

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(1) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en die reg verkry om vreemde valuta te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, moet binne sewe dae nadat hy sodanige reg verkry het aan die Tesourie, of aan ’n gemagtigde handelaar ’n skriftelike opgawe van sodanige vreemde valuta verstrek of laat verstrek”; en

(b) deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(2) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en geregtig word om, ten opsigte van enige krediet of balans in ’n bank ’n oordrag te maak of te bewerkstellig van ’n reg op betaling in vreemde valuta buite die Republiek, moet binne sewe dae nadat hy aldus geregtig geword het, aan die Tesourie of ’n gemagtigde handelaar ’n skriftelike verklaring van sodanige reg maak of laat maak.”.

2. Main Gate across road to Wharf 4.

Special:

1. West Gate across railway line between Railway Station and Pier 1—for railway traffic only—to be locked when not in use.

2. East Gate across railway line to Pier 1—for railway traffic only—to be locked when not in use.

3. West Gate across railway line to Wharf 4—for railway traffic only—to be locked when not in use.

4. East Gate across railway line to Wharf 4—for railway traffic only—to be locked when not in use.”; and

(c) the substitution in paragraph 7 of the Schedule under the heading “Walvis Bay” “Special” for the existing subparagraphs of the following—

“Special:

1. Gate ‘D’ at main gate—for motor vehicles carrying abnormal loads only—to be locked when not in use.

2. Gate ‘E’ at dock and goods yard—for railway traffic only—to be locked when not in use.

3. Gate to Tanker Berth—for pedestrians only—to be locked when not in use.”.

D. ODENDAL, Secretary for Customs and Excise.

Note.—The effect of this notice is that—

(i) the reference to the Publications and Entertainments Act, 1963, (Act 26 of 1963) is substituted by the publications Act, 1974 (Act 42 of 1974); and

(ii) the entrances to and the exits from the Mossel Bay and the Walvis Bay Harbours are amended and extended.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 355

5 March 1976

It is hereby notified that the State President has, in terms of section 9 of the Currency and Exchanges Act, 1933 (Act 9 of 1933), amended the Exchange Control Regulations, 1961, promulgated by Government Notice R. 1111 of 1 December 1961, as amended by Government Notices R. 872 of 3 June 1966, R. 1647 of 21 October 1966 and R.650 of 19 April 1968, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

Regulation 6 of the said regulations is hereby amended—

(a) by the substitution of the following subregulation for subregulation (1):

“(1) Every person resident in the Republic who becomes entitled to sell or to procure the sale of any foreign currency, shall within seven days after becoming so entitled, make or cause to be made, a declaration in writing of such foreign currency to the Treasury or to an authorised dealer”; and

(b) by the substitution of the following subregulation for subregulation (2):

“(2) Every person resident in the Republic who becomes entitled to assign or to procure the assignment of any right to receive outside the Republic, in respect of any credit or of any balance at a bank, payment of any amount in a foreign currency shall, within seven days after becoming so entitled, make or cause to be made, a declaration in writing of such right to the Treasury or to an authorised dealer.”.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 353 5 Maart 1976

AFKONDIGING VAN ROOKBEHEERSTREEK-BEVEL INGEVOLGE ARTIKEL 20 (1) VAN WET 45 VAN 1965

Kragtens artikel 20 (1) van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965), en na oorlegpleging met die Nasionale Adviserende Komitee op Lugbesoedeling, kondig ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Gesondheid, hierby die volgende Bevel af wat op 2 Februarie 1976 deur my bekragtig is en wat met ingang van 2 November 1976 op die regsgebied van die Munisipaliteit van Edenvale van toepassing is:

MUNISIPALITEIT VAN EDENVALE.—DERDE ROOKBEHEERSTREEKBEVEL

Die Munisipaliteit van Edenvale vaardig kragtens die Voeroegdheid hom verleen by artikel 20 van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965, hierby die volgende Bevel uit:

1. Die gebied soos in die Bylae hiervan omskryf, word hierby tot 'n Rookbeheerstreek verklaar.
2. Geen eienaar of okkupeerder van 'n perseel in klousule 3 genoem, mag in hierdie Rookbeheerstreek die voortkoming of uitlating van rook van so 'n digtheid of inhoud dat dit lig in groter mate as 20 persent verdonker, uit sodanige perseel veroorsaak of toelaat nie.
3. Hierdie Bevel is van toepassing op alle persele of geboue in gebruikstreke geklassifiseer as spesiale woon-, algemene woon-, algemene besigheid-, spesifieke besigheid- en spesiale besigheidstreke en streke vir hotelle en teaters en vir kommersiële, professionele, onbepaalde, landbou-, inrigtings-, onderrig-, huishoudelike, nywerheids-, nywerheids- en munisipale doeleindes: Met dien verstande dat waar industriële geboue geleë is in enige van bogemelde gebruikstreke, enige persoon skriftelik by die Stadsraad van Edenvale aansoek kan doen om vrystelling van die bepalings van hierdie Bevel, en indien die Raad oortuig is dat daar afdoende redes vir sodanige vrystelling bestaan, hy by skriftelike kennisgewing aan die aansoeker sodanige vrystelling kan verleen.
4. Die Stadsraad van Edenvale kan van tyd tot tyd enige fabriek, tipe, klas of model huishoudelike brandstof-verbruikende toestel wat ontwerp is om enige vaste of vloeibare brandstof te verbrand, vrystel van die bepalings van klousule 2 hiervan op voorwarde dat—
 - (a) sodanige toestel ingerig en in stand gehou word en aan die gang bly ooreenkomstig die vervaardiger se voorskrifte wat saam met die toestel verskaf is;
 - (b) sodanige toestel op so 'n wyse aan die gang bly dat die uitlating van rook tot 'n minimum beperk word;
 - (c) die vrystelling te eniger tyd na die uitsluitlike goeddunke van die Stadsraad van Edenvale ingetrek kan word.
5. Hierdie Bevel tree in werking op 2 November 1976.
6. Hierdie Bevel heet die Derde Rookbeheerstreekbevel.

BYLAE

Begin by die kruising van Eerste Laan en Hendrik Potgieterstraat; daarvandaan noordwaarts met Eerste Laan langs tot waar dit Aitkenweg kruis; daarvandaan ooswaarts met Aitkenweg langs tot by die suid-westelike baken van die dorpsgebied Illiondale; dan algemeen noordwaarts en ooswaarts met die westelike en noordelike grense van die dorpsgebied Illiondale langs tot by die noord-oostelike baken daarvan; dan suidwaarts met die oostelike grens van die dorpsgebied Illiondale langs tot by die suid-oostelike baken daarvan; dan ooswaarts met die noordelike

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 353 5 March 1976

PROMULGATION OF SMOKE CONTROL ZONE ORDER IN TERMS OF SECTION 20 (1) OF ACT 45 OF 1965

In terms of section 20 (1) of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965), and after consultation with the National Air Pollution Advisory Committee, I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Health, hereby promulgate the following Order which was confirmed by me on 2 February 1976 and which shall apply to the area of jurisdiction of the Municipality of Edenvale with effect from 2 November 1976:

MUNICIPALITY OF EDENVALE.—THIRD SMOKE CONTROL ZONE ORDER

The Municipality of Edenvale hereby, under the powers vested in it by section 20 of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965, makes the following Order:

1. The area defined in the Schedule hereto is hereby declared to be a Smoke Control Zone.
2. In this Smoke Control Zone no owner or occupier of any premises referred to in clause 3 shall cause or permit the emanation or emission from such premises of smoke of such a density or content as will obscure light to an extent greater than 20 per cent.
3. This Order shall apply to all premises or buildings in use zones classified as special residential, general residential, general business, particular business and special business zones and zones for hotels and theatres and for commercial, professional, undetermined, agricultural, institutional, educational, domestic industrial, industrial and municipal purposes: Provided that where industrial buildings are situated in any of the above-mentioned use zones, any person may apply in writing to the Town Council of Edenvale for exemption from the provisions of this Order, and if the Council is satisfied that there are adequate reasons for such exemption it may, by notice in writing to the applicant, grant such exemption.
4. The Town Council of Edenvale may from time to time exempt from the provisions of clause 2 hereof any make, type, class or model of household fuel burning appliance designed to burn any solid or liquid fuel, on condition that—
 - (a) such appliance is installed, maintained and operated in accordance with the manufacturer's instructions supplied with the appliance;
 - (b) such appliance is operated so as to minimise the emission of smoke;
 - (c) the exemption may be withdrawn at any time at the sole discretion of the Town Council of Edenvale.
5. This Order shall come into effect on 2 November 1976.
6. This Order shall be called the Third Smoke Control Zone Order.

SCHEDULE

Beginning at the intersection of First Avenue and Hendrik Potgieter Street; proceeding thence northwards along First Avenue to the intersection thereof with Aitken Road; proceeding thence eastwards along Aitken Road to the south-western beacon of Illiondale township; thence generally northwards and eastwards along the western and northern boundaries of Illiondale township to the north-eastern beacon thereof; thence southwards along the eastern boundary of Illiondale township to the south-eastern beacon thereof; thence eastwards along the

grens van die dorpsgebied Sebenza langs tot by die noord-oostelike baken van laasgenoemde dorpsgebied; dan suidwaarts met die oostelike grense van die dorpsgebied Sebenza, gedeeltes 148 en 298 van die plaas Rietfontein 63 IR en die dorpsgebied Isandovale langs tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde dorpsgebied; dan weswaarts met die suidelike grense van die dorpsgebied Isandovale en Gedeeltes 149, 153, 320, 246, 245, 18 en 243 van die plaas Rietfontein 63 IR langs tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde gedeelte; dan algemeen weswaarts met die suidelike en suidwestelike grense van Gedeeltes 208, 206, 346 en 352 van die plaas Rietfontein 63 IR langs tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde gedeelte; daarvandaan suidwaarts met die oostelike grens van die dorpsgebied Eastleigh langs tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde dorpsgebied; dan weswaarts met die suidelike grens van Eastleigh en met Horwoodstraat langs tot waar dit Sewentiende Laan kruis; dan noordwaarts met Sewentiende Laan langs tot waar dit Vyfdestraat kruis; dan ooswaarts met Vyfdestraat en die suidelike grens van Erf A/158 van die dorpsgebied Edenvale langs tot waar dit by Andries Pretoriusweg aansluit; daarvandaan noordweswaarts tot by die kruising met Hendrik Potgieterstraat; dan weswaarts met Hendrik Potgieterstraat en die suidelike grens van die dorpsgebied Edenvale langs tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde dorpsgebied.

Hierdie streek sluit die volgende gebiede in:

Clarenspark, De Klerkshof, Eastleigh, Edenglen, Edenglen-uitbreidings 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 11 en 13, Illiondale, Isandovale, Sebenza, Rietfonteinlandbouhewes en gedeeltes van die plaas Rietfontein 63 IR.

No. R. 354

5 Maart 1976

AFKONDIGING VAN ROOKBEHEERSTREEKBEVEL INGEVOLGE ARTIKEL 20 (1) VAN WET 45 VAN 1965

Kragtens artikel 20 (1) van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965), en na oorlegging met die Nasionale Adviserende Komitee op Lugbesoedeling, kondig ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Gesondheid, hierby die volgende Bevel af wat op 2 Februarie 1976 deur my bekragtig is en wat met ingang van 2 November 1976 op die regsgebied van die Munisipaliteit van Nelspruit van toepassing is:

MUNISIPALITEIT VAN NELSPRUIT.—DERDE ROOKBEHEERSTREEKBEVEL

Die Munisipaliteit van Nelspruit vaardig kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 20 van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965, hierby die volgende Bevel uit:

1. Die gebied soos in die Bylae hiervan omskryf, word hierby tot 'n Rookbeheerstreek verklaar.
2. Geen eienaar of okkuperder van 'n perseel in klousule 3 genoem, mag in hierdie Rookbeheerstreek die voorkoming of uitlating van rook van so 'n digtheid of inhoud dat dit lig in groter mate as 20 persent verdonker, uit sodanige perseel veroorsaak of toelaat nie..
3. Hierdie Bevel is van toepassing op alle persele of geboue in gebruikstreke geklassifiseer as spesiale woon-, algemene woon-, algemene, algemene besigheid- en spesiale besigheidstreke en streke vir spesiale, onbepaalde, landbou-inrigtingsonderrig-, spesiale nywerheids-, algemene nywerheids-, beperkte nywerheids-, en munisipale doeleindes: Met dien verstande dat waar industriële geboue geleë is in enige van bogemelde gebruikstreke, enige persoon skriftelik by die Stadsraad van Nelspruit aansoek kan doen om vrystelling van die bepalings van hierdie

northern boundary of Sebenza township to the north-eastern beacon of the last named township; thence southwards along the eastern boundaries of Zebenza township, Portion 148 and 298 of the farm Rietfontein 63 IR and Isandovale township to the south-eastern beacon of the last-named township; thence westwards along the southern boundaries of Isandovale township and Portions 149, 153, 320, 246, 245, 18 and 243 of the farm Rietfontein 63 IR to the south-western beacon of the last-named portion; thence generally westwards along the southern and south-western boundaries of Portions 208, 206, 346 and 352 of the farm Rietfontein 63 IR to the south-western beacon of the last-named portion; thence southwards along the eastern boundary of Eastleigh township to the south-eastern beacon of the last-named township; thence westwards along the southern boundary of Eastleigh township and Horwood Street to the intersection thereof with Seventeenth Avenue; thence northwards along Seventeenth Avenue to the intersection thereof with Fifth Street; thence eastwards along Fifth Street and the southern boundary of Erf A/158 of Edenvale to the junction thereof with Andries Pretorius Road; thence north-westwards to the intersection thereof with Hendrik Potgieter Street; thence westwards along Hendrik Potgieter Street and the southern boundary of Edenvale township to the south-western beacon of the last-named township.

This zone includes the following areas:

Clarens Park, De Klerkshof, Eastleigh, Edenglen, Edenglen Extensions 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 11 and 13, Illiondale, Isandovale, Sebenza, Rietfontein Agricultural Holdings and portions of the farm Rietfontein 63 IR.

No. R. 354

5 March 1976

PROMULGATION OF SMOKE CONTROL ZONE ORDER IN TERMS OF SECTION 20 (1) OF ACT 45 OF 1965

In terms of section 20 (1) of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965), and after consultation with the National Air Pollution Advisory Committee, I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Health, hereby promulgate the following Order which was confirmed by me on 2 February 1976 and which shall apply to the area of jurisdiction of the Municipality of Nelspruit with effect from 2 November 1976:

MUNICIPALITY OF NELSPRUIT.—THIRD SMOKE CONTROL ZONE ORDER

The Municipality of Nelspruit hereby under the powers vested in it by section 20 of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965, makes the following Order:

1. The area defined in the Schedule hereto is hereby declared to be a Smoke Control Zone.
2. In this Smoke Control Zone no owner or occupier of any premises referred to in clause 3 shall cause or permit the emanation or emission from such premises of smoke of such a density or content as will obscure light to an extent greater than 20 per cent.
3. This Order shall apply to all premises or buildings in use zones classified as special residential, general residential, general, general business and special business zones and zones for special, undetermined, agricultural, institutional, educational, special industrial, general industrial, restricted industrial and municipal purposes: Provided that, where industrial buildings are situated in any of the above-mentioned use zones, any person may apply in writing to the Town Council of Nelspruit for exemption

Bevel, en indien die Raad oortuig is dat daar afdoende redes bestaan vir sodanige vrystelling hy by skriftelike kennisgewing aan die aansoeker sodanige vrystelling kan verleen.

4. Die Stadsraad van Nelspruit kan van tyd tot tyd enige fabriek, tipe, klas of model huishoudelike brandstof-verbruikende toestel wat ontwerp is om enige vaste of vloeibare brandstof te verbrand, vrystel van die bepalings van klousule 2 hiervan op voorwaarde dat—

(a) sodanige toestel ingerig en in stand gehou word en aan die gang bly ooreenkomstig die vervaardiger se voorskrifte wat saam met die toestel verskaf is;

(b) sodanige toestel op so 'n wyse aan die gang bly dat die uitlating van rook tot 'n minimum beperk word;

(c) die vrystelling te eniger tyd na die uitsluitlike goedkeuring van die Stadsraad van Nelspruit ingetrek kan word.

5. Hierdie Bevel tree in werking op 2 November 1976.

6. Hierdie Bevel heet die Derde Rookbeheerstreekbevel.

BYLAE

(a) Nelspruit-uitbreiding 4.

(b) Nelspruit-uitbreiding 5.

(c) Nelspruit-uitbreiding 6.

(d) Nelspruit-uitbreiding 9.

(e) Nelspruit-uitbreiding en uitbreiding 2 (ou woongebied).

(f) Sonheuwel.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

No. R. 347

5 Maart 1976

WYSIGING VAN DIE ALGEMENE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG EN DIE RESERWE

Die Staatspresident het kragtens artikel 87 (1) en 97 (1) (j) van die Verdedegingswet, 1957 (Wet 44 van 1957) die Algemene Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Weermag en die Reserwe soos volg gewysig:

1. Hoofstuk XIX van die Algemene Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Weermag en die Reserwe afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1223 van 20 Augustus 1965 word hierby gewysig deur regulasie 21 met die volgende regulasie te vervang:

“21. Niemand mag ingevolge artikel 91 of 92 van die Wet vir diens opgeroep word nie, indien hy—

(a) in die voltydse diens van 'n brandweerafdeling van 'n plaaslike owerheid is;

(b) 'n voltydse lid van die ambulanspersoneel van 'n plaaslike owerheid of 'n provinsiale administrasie is;

(c) 'n verpleër in 'n hospitaal is;

(d) 'n tegnikus is wat diens as sodanig by of in enige erkende bloedoortappingsdiens verrig;

(e) 'n staatsaanklaer in 'n geregshof in die Republiek is wat in besit is van 'n delegasie van die betrokke Prokureur-generaal”.

Wysigingsblaadjie 26]

from the provisions of this Order, and if the Council is satisfied that there are adequate reasons for such exemption it may, by notice in writing to the applicant, grant such exemption.

4. The Town Council of Nelspruit may from time to time exempt from the provisions of clause 2 hereof any make, type, class or model of household fuel burning appliance designed to burn any solid or liquid fuel, on condition that—

(a) such appliance is installed, maintained and operated in accordance with the manufacturer's instructions supplied with the appliance;

(b) such appliance is operated so as to minimise the emission of smoke;

(c) the exemption may be withdrawn at any time at the sole discretion of the Town Council of Nelspruit.

5. This Order shall come into effect on 2 November 1976.

6. This Order shall be called the Third Smoke Control Zone Order.

SCHEDULE

(a) Nelspruit Extension 4.

(b) Nelspruit Extension 5.

(c) Nelspruit Extension 6.

(d) Nelspruit Extension 9.

(e) Nelspruit Extension and Extension 2 (old residential area).

(f) Sonheuwel.

DEPARTMENT OF DEFENCE

No. R. 347

5 March 1976

AMENDMENTS TO THE GENERAL REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE AND THE RESERVE

The State President has in terms of sections 87 (1) and 97 (1) (j) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), amended the General Regulations for the South African Defence Force and the Reserve as follows:

1. Chapter XIX of the General Regulations for the South African Defence Force and the Reserve promulgated under Government Notice R. 1223 of 20 August 1965 is hereby amended by the substitution for regulation 21 of the following regulation:

“21. No person shall be liable to be called out for service in terms of section 91 or 92 of the Act, if he is—

(a) in the full-time employ of a fire brigade section of a local authority;

(b) a full-time member of the ambulance personnel of a local authority or a provincial administration;

(c) a male nurse in a hospital;

(d) a technician performing service as such at or with any recognised blood transfusion service;

(e) a public prosecutor in a court of law in the Republic who is in possession of a delegation of the Attorney General concerned.”

Amendment Slip 26]

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

INHOUD

No.	<i>Bladsy No.</i>	<i>Staats- koerant No.</i>
GOEWERMENSKENNISGEWINGS		
Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Departement van Goewermentskennisgewing		
R. 343. Somcuba-Nkosi-stam: Instelling van 'n Bantoe-stamowerheid	1	4996
Doecane en Aksyns, Departement van Goewermentskennisgewings		
R. 340. Doecane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/392)	2	4996
R. 341. Doecane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/459)	1	4996
R. 342. Doecane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van reëls (No. DAR/17)	3	4996
Finansies, Departement van Goewermentskennisgewing		
R. 355. Deviesebeheerregulasies, 1961	4	4996
Gesondheid, Departement van Goewermentskennisgewings		
R. 353. Afkondiging van rookbeheerbevel inge- volge artikel 20 (1) van Wet 45 van 1965	5	4996
R. 354. Afkondiging van rookbeheerbevel inge- volge artikel 20 (1) van Wet 45 van 1965	4	4996
Verdediging, Departement van Goewermentskennisgewing		
R. 347. Wysiging van die algemene regulasies vir die Suid-Afrikaanse Weermag en die Reserwe	7	4996

CONTENTS

No.	<i>Page Gazette No. No.</i>	
GOVERNMENT NOTICES		
Bantu Administration and Development, Department of Government Notice		
R. 343. Somcuba-Nkosi Tribe: Establishment of a Bantu Tribal Authority	1	4996
Customs and Excise, Department of Government Notices		
R. 340. Customs and Excise Act, 1964: Amend- ment of Schedule 1 (No. 1/1/392)	2	4996
R. 341. Customs and Excise Act, 1964: Amend- ment of Schedule 3 (No. 3/459)	1	4996
R. 342. Customs and Excise Act, 1964: Amend- ment of rules (No. DAR/17)	3	4996
Defence, Department of Government Notice		
R. 347. Amendments to the general regulations for the South African Defence Force and the Reserve	7	4996
Finance, Department of Government Notice:		
R. 355. Exchange Control Regulations, 1961	4	4996
Health, Department of Government Notices		
R. 353. Promulgation of smoke control zone order in terms of section 20 (1) of Act 45 of 1965	5	4996
R. 354. Promulgation of smoke control zone order in terms of section 20 (1) of Act 45 of 1965	6	4996